PIET BEUKES
*Smuts the botanist*
Cape Town: Human & Rousseau
1996
120 pp.
R57,95

*Smuts the botanist* is 'n toevoeging tot Piet Beukes se reeks wat fokus op van die belangrikste eienskappe van Jan Christiaan Smuts se persoonlikheid. Nie alleen was Smuts 'n hoogaangeskrewe politikus, filosoof en strateeg wat sy tyd ver vooruit was nie, maar 'n minder bekende eienskap van hierdie besondere man was sy diepgaande belangstelling in en kennis van plantkunde en veral die inheemse plantegroei van sy geliefde Suid-Afrika. In sy eie woorde as jong man sê hy: "I love nature rather than sport and took botany as a hobby."

In die woorde van dr John Rourke is *Smuts the botanist* 'n meevoerende weergawe van 'n staatsman se lewendige belangstelling en passie om alles moontlik oor Suid-Afrika se inheemse plantegroei te weet. Vir Smuts was die bestudering van plante nie net 'n stokperdjie nie, maar waarskynlik ook 'n ontvlugting van die politiek. Dit was ook 'n intellektuele uitdaging om soveel as moontlik te weet van die onskatbare planterykdom van Suid-Afrika wat hom as holis 'n diepgaande begrip van die patrone en prosesse van die planteryk wat 'n belangrike rol in die lewe op aarde speel, te bekom. Hy was sy tyd vooruit in sy begrip van die mense se verantwoordelikheid om die aarde se plantkundige hulpbronne te bewaar. Reeds in 1923 het Smuts 'n pleidooi gelewer "...for the adequate protection of the noble Table Mountain and its rare and world-renowned treasures of plants and flowers" wat onlangs tot 'n Nasionale Park verklaar is.

Danksy Piet Beukes se betrokkenheid by Smuts en hul vriendskap het hy nie alleen Smuts goed geken nie, maar het hy ook 'n diep insig gehad van Smuts se aktiwiteite, belangstellings en van sy omvattende korrespondensie met talle persone en in besonder met sy lewenslange vriendin Margeret Gillett. Wonderbaarlik het baie van hierdie korrespondensie bewaar gebly. Uittreksels uit die korrespondensie, voorwoorde vir boeke en resensies van publikasies word deur Piet Beukes op 'n maklik leesbare styl in hierdie boek saamgevat.

Die eerste deel van die boek handel oor Smuts se liefde vir die Kaapse Flora, terwyl sy groot liefde vir grasse in die tweede gedeelte aandag geniet. Deur hierdie boek maak mens ook kennis met verskeie bekende plantkundiges, waaronder Marloth, John Hutcinson en Pole Evans, met wie Smuts hegte vriendskappe opgebou het en wat 'n groot invloed op Smuts gehad het.

Vir die meeste plantkundiges en ander wat bewus is van Smuts se besondere belangstelling in plantkunde sal die boek buitengewone plesier verskaf, vir ander sal dit 'n buitengewone openbaring wees.

As plantkundige het ek nie alleen die boek fassinerend nie, maar ook stimulerend gevind. Wat 'n voorreg moes dit nie gewees het om Jan Christiaan Smuts te kon geken het nie.

G.K. THERON
*Pretoria*